WITZENBERG
Municipality • Munisipaliteit • UMasipala Wase

JANUARIE – FEBRUARIE 2026

NUUSBRIEF

Witzenberg Munisipaliteit se seniorbestuur neem ontvangs van nuwe multi-miljoenrand-kompakteerder. Lees meer op bl. 2.

RDL TREVOR ABRAHAMS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

Van die Burgemeester se lessenaar

Goeiedag, Witzenbergers

Ek wens 'n ieder en 'n elk alles van die beste vir 2026 toe! Mag hierdie nuwe jaar hope vreugde, genot en voorspoed inhou. Gelukwense ook aan 2025 se matrieks. Ons is almal met reg trots op julle en wens julle alles van die beste toe met jul toekomsplanne. Die nuwe skooljaar is reeds in volle swang, en ons wens ook elke leerder, ondersteunende personeellid, onderwyser en ouer alle voorspoed vir vanjaar toe.

Ek kan met genoeë aankondig dat ons nuwe vulliskompakteerder, ter waarde van R5,14 miljoen, gearriveer het. Hierdie groot aankoop vergestalt 'n beduidende stap in die versterking van afvalbestuur-bedrywighede by die Prins Alfred Hamlet-stortingsterrein. 'n Plan van aksie is ook ontwikkel om werk te maak van die voortslepende watergehalte- en -infrastruktuuruitdagings wat ons in Tulbagh ervaar.

Die munisipaliteit het ook Witzenberg se uitblinkermatrikulante vir 2025 gevier. Alle lof kom mnr. Sarel Brown wat die Witzenberg Matriekfonds op die been gebring het, toe! Na afloop van 'n lang en intensiewe ouditproses, het ons ons 13de opeenvolgende skoonoudit van die ouditeur-generaal behaal. Ons opregte dank aan almal wat 'n aandeel daarin gehad het om te verseker dat ons finansies gesond en in orde is.

Gegewe die hoë temperature en waarskuwings teen hittegolwe wat ons tans ervaar, wees bedag en bly gehidreer.
Hou aan om water spaarsaam en verantwoordelik te gebruik en rapporteer enige misbruik of dienslewering-skwessies aan ons 24-uur-beheerkamer by 023 492 0181/2 of stuur 'n WhatsApp-boodskap aan 081 896 5480.

NOODNOMMERS

WITZENBERG MUNISIPALITEIT
023 316 1854 (Kantoorure)

24-UUR NOODDIENSTE
BEHEERKAMER
023 316 2328 / 9

CERES : 023 316 8600/24
TULBAGH: 023 230 8100
PA HAMLET: 023 313 3133
WOLSELEY : 023 231 8000

CERES HOSPITAAL:
023 316 9600

AMBULANS:
023 346 6000

BRANDWEER:
023 316 2328/9
112 (van enige selfoon)

WM ontvang nuwe multimiljoenrand-vulliskompakteerder

Witzenberg Munisipaliteit kondig met genoeë aan dat 'n nuwe doelgemaakte vulliskompakteerder, ter waarde van R5,14 miljoen, gearriveer het. Hierdie aansienlike aankoop vergestalt 'n beduidende stap ter verbetering van afvalbestuursbedrywighede by die Prins Alfred Hamlet-stortingsterrein en maak deel uit van die munisipaliteit se volgehoue verbintenis tot 'n veilige omgewing, voldoening aan wetlike vereistes van die terrein en die stabiliteit oor die langtermyn.

'n Vulliskompakteerder word spesiaal ontwerp om munisipale vaste-afval saam te kompakteer ten einde die volume daarvan te verlaag. Deur afval meer doeltreffend saam te pers, verbeter die masjien die stortingsterrein se lewensduur en die terrein se stabiliteit terwyl dit ook tot beter prestasie ten opsigte van omgewingsveiligheid bydra. Veral van belang is dat verbeterde kompaktering die waarskynlikheid en mate van smeuling en ontvlamming verlaag, 'n kwessie wat onlangs 'n impak op die Prins Alfred Hamlet-stortingsterrein gehad het en wat, soos te verstane, kommer by inwoners gewek het.

Uitvoerende burgemeester rdl. Trevor Abrahams het die aankoms van die verwelkom en beklemtoon waarom dié pers so belangrik is om die voortslepende uitdagings by hierdie stortingsterrein op te los. "Ons het in hierdie vulliskompakteerder belê aangesien dit 'n sinvolle deel uitmaak van die oplossing vir die talryke ontvlammings wat in die verlede by hierdie terrein ontstaan het.

"Ons vertrou dat benewens om die brande te verminder, ons ook inwoners se kommer oor die gevolge wat die rook en smeuling vir hul gesondheid kan inhou, sal verlaag. Hierdie investering getuig van ons volgehoue voorneme om ons gemeenskappe te beveilig en om die wyse waarop afval in Witzenberg bestuur word, te verbeter."

Alhoewel stortingsterrein-brande komplekse voorvalle is wat gespesialiseerde bestuur verg, is 'n reeks intervensies reeds geïmplementeer om die terrein te stabiliseer en verdere risiko's te mitigeer.

Hierdie maatreëls sluit die volgende in:
• 'n Geteikende operasie is uitgevoer om onwettige en ongewenste okkupeerders wat tot onveilige toestande op die vullisterrein bydra, te verwyder.
• Addisionele mannekrag is ontplooi, en Wetstoepassingsbeamptes is by die terrein gestasioneer om ongemagtigde toegang te verhinder.
• Stappe word geneem om omliggende fynbos waar moontlik skoon te maak, na behoorlike oorweging van omgewingsensitiwiteit en verlening van die nodige regulatoriese goedkeurings.
• Instandhouding van die toegangspad word geprioritiseer ter ondersteuning van vinniger reaksietye en doeltreffender operasionele toegang.
• Gemeenskapsgebaseerde paraatheid en samewerking is versterk deurdat plaaslike boere hulle hulp as eerste respondente vrywillig aangebied het indien enige brand in die toekoms sou ontstaan.
• Alle oproepe na die 24-uur-noodbeheerkamer geniet steeds die hoogste prioriteit en word onmiddellik geëskaleer.
• Die pasafgelewerde vulliskompakteerder gaan 'n onontbeerlike rol vervul in die doeltreffender opruiming, gelykmaking en verdigting van afval wat op die lange duur die risiko van voortslepende smeulende brande sal verlaag.

Die aflewering van hierdie masjien is 'n welkome hupstoot vir die afvalbestuurspan en maak deel uit van 'n breër plan om werksaamhede te stabiliseer asook om beskerming van die omgewing en die bestuur van die terrein oor die langtermyn te verbeter.
Tegniese spanne sal aanhou om toestande ten nouste te moniteer en om, waar nodig, hul benadering te verfyn.

Witzenberg Munisipaliteit betuig sy opregte waardering teenoor inwoners, belanghebbers en die landbougemeenskap vir hul geduld, samewerking en bereidwilligheid om hulp ten tyde van hierdie uitdagende tydperk te verleen.

Die munisipaliteit bly verbind tot ope kommunikasie en sal aanhou om opdaterings te verskaf namate vordering gemaak word.

AKSIEPLAN OM WATERGEHALTEKWESSIES IN TULBAGH AAN TE SPREEK

Met betrekking tot die voortslepende kommer oor watergehalte in die Tulbagh-omgewing, soos geopper deur die Witzenberg Justice Coalition en inwoners van die area wat hierdeur geraak word, vergun Witzenberg Munisipaliteit 'n geleentheid om sy saak te stel.
Die huidige situasie is grotendeels te danke aan seisoenale druk op die waterstelsel.

Gedurende die warm somermaande styg die vraag na water aansienlik, terwyl verbruik gedurende die wintermaande tipies aansienlik afneem. Hierdie patroon, tesame met die snelle en grotendeels ongekontroleerde bevolkingsaanwas, het Tulbagh se bestaande waterinfrastruktuur onder geweldige druk geplaas. Inwoners wou weet waarom hierdie kwessie juis 'n impak op Tulbagh en nie op ander dorpe het nie. Die rede is omdat elke dorp van verskillende waterbronne, -behandelings-prosesse en -bergingstelsels gebruik maak. In die geval van Tulbagh, beskik die dorp oor 'n betreklik laer kapasiteit om water in reservoirs te berg sodat daar tydens spitstye aan die vraag voldoen kan word. So gou as wat water die stelsel binnevloei, word dit weens buitensporige verbruik bykans onmiddellik gebruik, met die gevolg dat bitter min opgegaarde water as 'n reserwe oorbly.

Wanneer 'n reservoir se vlak té laag daal, word afsaksels op die bodem versteur en saam met die oorblywende water in die stelsel opgesuig. Dit kan soms daartoe lei dat die water verkleur. Inwoners moet dus kennis neem dat sporadiese verkleuring onder hierdie omstandighede kan voorkom. Alhoewel watergehalte aansienlik verbeter het sedert die installering van nuwe filtreerders, die spoeling van geaffekteerde areas en strate en die inwerkingstelling van addisionele tegniese intervensies, bly ontoereikende bergingskapasiteit steeds 'n groot uitdaging. Die munisipaliteit, die departement van water en sanitasie en onafhanklike laboratoriums voer deurentyd toetse op die water uit. Die resultate van hierdie toetse bevestig dat die water aan SANS-standaarde voldoen en veilig is vir menslike gebruik. Tulbagh se huidige bergingskapasiteit is ongeveer een megaliter. Aansienlike verbeterings word egter beplan. Deur middel van befondsing word 'n nuwe drie-megaliterreservoir in die vooruitsig gestel, en die opknapping van 'n 800-kiloliterreservoir wat voorheen uit bedryf gestel is, vind reeds plaas. Wanneer voltooi, sal Tulbagh se totale bergingskapasiteit na verwagting binne die volgende jaar met nagenoeg vyf megaliters styg.

Ter versterking van langtermyn-watersekerheid, help die Wes-Kaapse regering en die departement van water en sanitasie ook om addisionele befondsingsgeleenthede te verken.

Die munisipaliteit se plan van aksie sien as volg daaruit:
Korttermyn:
- Deurlopende instandhouding van die bestaande reservoir
- Volgehoue spoel van waterlyne
- Blitsreaksie op klagtes oor watergehalte, veral in Tulbagh
- Deurlopende algehele instandhouding en monitering

Mediumtermyn:
- Suksesvolle tendertoekenning en konstruksie van die nuwe reservoir

Langtermyn:
- Implementering van gevorderde tegnologiese opgraderings, met inbegrip van 'n telemetriestelsel

Die munisipaliteit is verbind tot meer gereelde kommunikasie en deursigtige bywerkings gegrond op die aanbevelings van ons tegniese kundiges. Ons bedank inwoners vir hul volgehoue geduld, samewerking en begrip namate ons daaraan werk om hierdie uitdagings die hoof te bied en Tulbagh se waterstelsel vir die toekoms te versterk. Indien u enige probleme met watergehalte- en/of -voorsiening ervaar, kontak die 24-uur-beheerkamer by 023 492 0181/2 of stuur 'n WhatsApp na 081 896 5480.

WM vier uitblinkermatrikulante en huldig mnr. Sarel Brown, die krag agter die Witzenberg Matriekfonds

Die Witzenberg Matriekfonds (WMF), wat meer as 'n dekade gelede opgerig is, het die lig aanskou danksy die passie en toewyding van die leerkrag mnr. Sarel Brown. Sy onwrikbare geloof in die krag van onderwys help steeds om die toekoms van talle jongmense, wat nou hul tersiêre studies kan voortsit, te vorm.

Deur sy onvermoeibare pogings, opregte omgee vir sy gemeenskap en onwrikbare toewyding om geleenthede te skep vir leerders wat nie oor die finansiële middele beskik nie, het mnr. Brown hoop aan die jeug van Witzenberg gegee. Sy energie, deernis en vasberadenheid het die deure na 'n blink toekoms vir kinders geopen wat hulle bemagtig om hul drome na te streef en lewensvatbare weë vorentoe te volg.

Sy lewende nalatenskap is hoop, kanse en 'n vaste geloof in die inherente potensiaal van elke kind. As 'n munisipaliteit wens ons met trots 2025 se uitblinkermatrikulante in ons streek geluk met hul uitnemende akademiese prestasies. Soos Uitvoerende Burgemeester, rdl. Trevor Abrahams dit gestel het: "Hou God aan jou sy; jou geloof en dissipline is die sleutel tot die bereiking van jou doelwitte. Geluk ook aan die ouers en voogde; julle toewyding en volgehoue betrokkenheid by jou kind se akademiese lewe is allerbelangrik om 'n sukses van sy of haar toekoms te maak."

'n Spesiale WMF-toekenningseremonie is aan die einde van Januarie 2026 gehou ter ere van die prestasies en veerkragtigheid van ons topleerders. Hierdie inisiatief het steeds 'n betekenisvolle impak deurdat dit uitnemendheid vier en leerders aanmoedig om hul volle potensiaal te verwesenlik.

Witzenberg se topmatriekleerders vir 2025:
- Skyler Meyer van Wolseley Sekondêr
- Samantha Ruiters van Tulbagh Hoër
- Charl Conradie van Charlie Hofmeyr Hoër
- Jamalene Jafta van Bella Vista Hoër
- Vuyela Mohololola van Lingcinga Zethu Sekondêr
- Shirley Rooi van Ceres Sekondêr
- Jasmine Muller van Skurwerberg Sekondêr

Alle lof aan ons topleerders vir hul uitnemende prestasies en opregte waardering aan mnr. Sarel Brown vir sy onskatbare bydrae tot die opheffing van onderwys in die Witzenbergstreek. Vir meer besonderhede, kontak die direkteur: gemeenskapsdienste, Seon Swartz, by 023 316 1854.